SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 4 OKTOBER 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE IARU STREEK 1 VIRTUELE KONFERENSIE VAN 11 TOT 16 OKTOBER

DIE GRATIS AANLYN AMSAT-UK SATELLIET COLLOQUIUM

en

JAMBOREE-OP-DIE-LUG EN CQ HOU KOERS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin vanoggend met nuus van vier stil sleutels

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutels van die volgende radio amateurs stil geword het.

Koos Engelbrecht, ZS4KE van die Welkom Radioklub is op Maandag 20 Julie 2020 oorlede na hartversaking.

Steve Proctor het die Kantoor in kennis gestel dat sy vader, dr David Proctor, ZS6ACH oorlede is.

Chris Pelser, ZS6EX, het die Kantoor meegedeel dat Jaap Besteman, oud-ZS6PK oorlede is gedurende September 2020. Hy het in Kanada gewoon.

Keith Steel, ZS6KAS is op Woensdag 30 September oorlede nadat hy 'n maand gelede van sy woning se dak af geval het.

Ons betuig ons innige meegevoel met die familie en vriende van hierdie radio amateurs.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE IARU STREEK 1 VIRTUELE KONFERENSIE VAN 11 TOT 16 OKTOBER

As die COVID-pandemie nooit plaasgevind het nie, sou drie SARL-afgevaardigdes na Novi Sad in Serwië vlieg vir die Streek 1 Algemene

Konferensie maar die pandemie het wel plaasgevind en daarom vind die IARU Streek 1 Virtuele Algemene Konferensie plaas vanaf Sondag 11 tot Vrydag 16 Oktober 2020 op die GoToMeeting-platform.

Op Sondag 4 Oktober sal alle afgevaardigdes opleiding ontvang om die virtuele platform te gebruik en op Dinsdag 6 Oktober om 18:00 SAT vind die C2 Geloofsbriewe vergadering plaas. Hierdie vergadering sal kyk na die lys van geregistreerde Lidverenigings en of hul Streek 1 lidmaatskap teen 1 Oktober 2020 betaal is.

Die voltallige vergadering van die 2020 Konferensie vind op Sondag 11 Oktober om 09:00 SAT plaas. Die konferensie se werk is in strome opgedeel - C2 Begroting; Komitee 3 - Administrasie; Komitee 4 - die permanente HF-komitee; Komitee 5 - die permanente BHF, UHF en mikrogolf komitee; Komitee 7 - die permanente EMC-komitee; die Spektrum- en Reguleringskomitee/politieke skakeling-komitee en die Jeug Werkgroep. Die Referate vir die konferensie is beskikbaar op https://r1papers.wordpress.com/. Die SARL het twee referate ingedien.

Op elke dag van Sondag tot Woensdag vergader drie strome om 09:00, 13:00 en 16:30 SAT per konferensie-rooster. Op Donderdag 16 Oktober sal C3 om 09:00 vergader, waarna die Streek 1 Sekretaris die Referate vir die finale vergadering sal voorberei en elke Lidvereniging van eksemplare sal voorsien. Die finale voltallige vergadering sal om 09:00 SAT op Vrydag 16 Oktober begin, met die tweede sessie om 13:00 en indien nodig, 'n derde sessie om 16:30.

Die SARL-span wat die konferensie bywoon, is Hoof van die Afvaardiging, Nico van Rensburg, ZS6QL saam met Dennis Green, ZS4BS; Rassie Erasmus, ZS1YT; Nick Dreyer, ZS1N; Brian Jacobs, ZS6YZ; Phillip van Tonder, ZS6PVT; Hans van den Groenendaal, ZS6AKV; Anton Janovsky, ZR6AIC; Dave Higgs, ZS2DH; Guy Eales, ZS6GUY en Koos Fick, ZR6KF.

DIE GRATIS AANLYN AMSAT-UK SATELLIET COLLOQUIUM

Die AMSAT-UK Aanlyn Internasionale Ruimte Colloquium vind plaas op Sondag 11 Oktober van 10:00 tot 16:00 UTC met 'n onderbreking vir middagete en 'n paar kort pouses gedurende die dag. Jy hoef nie 'n lid van AMSAT-UK te wees om deel te neem nie en die geleentheid is gratis, maar registreer asseblief SSM. Diegene wat geregistreer is, sal ingeskryf word vir 'n aantal gratis lootjies wat tydens die geleentheid sal plaasvind. Registreer asseblief aanlyn by http://tinyurl.com/amsatukreg2020 en die AMSAT-UK Colloquium bladsy is by https://amsat-uk.org/colloquium/

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE LENTE SARL QRP KOMPETISIE OP 10 OKTOBER

Die vierde QRP-kompetisie vir 2020 vind plaas van 12:00 tot 15:00 UTC Saterdag 10 Oktober 2020 met GG en ESB aktiwiteite met 5 Watt of minder uitset krag. Die eerste uur is slegs beperk tot die 40 m band en die oorblywende twee

uur staan die deelnemers vry om enige HF (nie-WARC) bande te gebruik soos hulle wil. Die uitruil is 'n RS- of RST-verslag en jou 6-karakter ruitvierkant.

Elke kontak tel 1 punt en daar is vermenigvuldigers vir die land- en stasietipe. Dien jou logstaat in ADIF of Cabrillo met 'n opsommingsblad in of maak gebruik van die MS Excel-logstaat. Stuur die logstaat na contest@sarl.org.za voor Maandag 19 Oktober 2020. Blaai na bladsy 42 van die 2020 Blouboek vir al die reëls.

JAMBOREE-OP-DIE-LUG EN CQ HOU KOERS

Die jaarlikse Jamboree-op-die-Lug en CQ Hou Koers-aktiwiteite vind oor die naweek van 17 en 18 Oktober plaas. JOTA duur van Vrydagaand 16 Oktober tot Sondagaand 18 Oktober en CQ Hou Koers op Saterdag 17 Oktober. Hier is jou kans om hierdie jongmense via amateur radio met ander Verkenners, Gidse en Voortrekkers te laat praat. Kontak jou plaaslike Verkenner Groep, Gids Kompanie en/of Voortrekker Kommando en tref die reëlings om 'n stasie by hul vergaderplek op te stel. Kontak Richard Hooper, ZS6RKE, die nasionale JOTA-koördineerder vir Verkenners Suid-Afrika by richard@sandringhamscouts.co.za of Andries Visagie, ZS6VL, die CQ Hou Koers-koördineerder by andries.visagie@gmail.com vir meer inligting.

DIE SUIDELIKE VOORSTEDE AMATEUR RADIOKLUB HERLEIDING OP 70 CM

Ten einde die 70 cm-band aktief te hou, sal die Suidelike Voorstede ARK die SARL Bulletins en Amateur Radio Today op 'n Sondag herlei. David, ZR6DLG en Dave, ZR6LSD het 'n hoë kwaliteit outomatiese herlei stelsel opgestel en getoets wat deur die Klub gebruik sal word om die weeklikse SARL Afrikaanse en Engelse bulletins vanaf 06:15 UTC op die Klub 439,125 MHz (88,5 Hz toon) herhaler te herlei. Die ARToday-program word ook om 08:00 UTC op dieselfde herhaler herlei. Stuur verslae na zs6wc@vodamail.co.za

KOMPETISIE NUUS

Die sluitingsdatum vir logstate vir die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie wat op 19 en 20 September gehou is, is verleng tot Woensdag 7 Oktober. Tot op hede is nog net een logstaat ontvang. Stuur jou logstaat na contest@sarl.org.za.

Die uitslag van die 5de been van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop het na 'n navraag verander. Die punte vir die Bo-Karoo ARK verander na 600 punte; die punte na 5 bene verander na 1 806 punte. In die individuele tellings deel Nico, ZS4N en Aldo, ZS4AL die eerste plek met 124 punte.

Die Kompetisie komitee het 22 logstate ontvang vir die tweede been van die SARL Nasionale Velddag wat op 12 en 13 September gehou is. Dankie aan Nick, ZS1N wat die logstate deurgewerk het.

Klas A

1ste Wesrand ARK LNR - 145 044 punte

2de die Highway ARK - 67 176 punte

3de die Sandton ARK - 37 908 punte

Klas D

1ste Johan Louw, ZS4WW - 77 274 punte

2de Dennis Green, ZS4BS - 4 950 punte

Klas F

1ste Pieter Jacobs, ZS6XT - 26 298 punte

2de die Port Elizabeth ARV - 6 192 punte

3de Gert du Plessis, ZR6GRT 2 604 punte

Die volledige uitslae sal in HF Happenings 920 gepubliseer word.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar nie sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Danksy die onlangse dag-en-nag-ewening kan radio amateurs veral met sonsopkoms en sonsondergang goeie DX openinge op die 15 tot 40 m bande verwag. 10 m kan ook in die laat middag verras. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Laastens 'n dagboek van 'n paar komende gebeure:

Vandag – die AWA SSB Buis QSO Partytjie, die RSGB DX kompetisie en die FMH Draagbare Operasie Uitdaging

7 Oktober - sluitingsdatum vir die BHF/UHF Digitale kompetisie logstate

8 en 9 Oktober - die Draconids-meteoorreën

10 Oktober - die Lente QRP kompetisie

11 Oktober - die gratis aanlyn AMSAT-UK Satelliet Colloquium

11 tot 16 Oktober - die IARU Streek 1 Virtuele Algemene Konferensie

17 Oktober - CQ Hou Koers

17 en 18 Oktober - JOTA

21 en 22 Oktober - die Orionids-meteoorreën

24 en 25 Oktober - die CQ WW DX ESB kompetisie

25 Oktober - die PEARS HF-kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die IARU Streek 1 Virtuele Algemene Konferensie plaas van Sondag 11 tot Vrydag 16 Oktober 2020 plaas op die GoToMeeting-platform. Die voltallige vergadering van die 2020 Konferensie vind op Sondag 11 Oktober om 09:00 SAT plaas. Die konferensie se werk is in strome opgedeel - Begroting; Administrasie; die permanente HF-komitee; die permanente BHF, UHF en mikrogolf komitee; die permanente EMC-komitee; die Spektrum- en Reguleringskomitee/politieke skakeling-komitee en die Jeug Werkgroep.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.